



Groenleef-toekenning: bulletin



Wie doen wat?

Die doel van die Groenleef-toekenning is om volhoubare leefpraktyke in koshuise, organisasies vir private studente (PSO's) en studentehuse te bevorder deur die negatiewe impak wat ons op die omgewing en hulpbronne het, te verminder. Die kompetisie is daarop gemik om alle studente aan Universiteit Stellenbosch aan te moedig om hul leefstyl fundamenteel te verander deur studente meer bewus te maak van die noodsaaklikheid van vermindering, hergebruik en herwinning. Ons wil studente terselfdertyd opvoed oor hoe om volhoubaar te leef sodat hulle begryp hoe hulle in hul daaglikse aktiwiteite omgewingsbewus kan wees. Daar gaan drie prysgeld-toekennings wees, een vir elkeen van die studente wat die beste vaar in elke organisasie (koshuis, PSO, studentehuis).



Huis Erica besef hoe ernstig die Wes-Kaapse waterkrisis is en ons moedig 'n waterbewuste ingesteldheid in die koshuis aan. Dit beteken die dames in die koshuis is aktief ingestel op hoeveel water hulle gebruik. Ons bevorder waterbesparing op alle vlakke, insluitende badkamers, klere was en skottelgoed was. Ons gaan ook 'n strandskoonmaakprojek loods wat deelname aan strandskoonmaakdae op verskillende strande in die Strand- en Muizenberg-gebied behels. Hierdie projek sal die toestand van ons strande en oseane verbeter deur die hoeveelheid gemors wat in die osean beland, te verminder. Dit is in pas met die tema van waterbewaring.

oogvang- en opwindende geleentehede nie; dit is 'n manier van leef en keuses wat jy elke dag maak. Geleentehede lok egter belangstelling en moedig deelname aan, en dus beplan ons 'n Volhoubaarheidsweek vanaf 16 April met elke dag 'n ander geleentheid. Die hoogtepunt vind op die laaste dag plaas met 'n Volhoubaarheidsmark op Aardedag, 21 April. Idees vir geleentehede sluit in Groen Maandag, 'n klimaatsveranderingspraatjie, Irene-fliekaand - Wangari Maathai, en die EcoBricks-werkswinkel. Ons is besig om nog driedromstelsels in ons koshuis te reël, en inligting gaan aan Ireners gekommunikeer word oor hoe om hul afvalprodukte doeltreffend te sorteer. Indien moontlik sal ons graag 'n deel van ons tuin (wat aan die dood gaan is) wil oordoen met waterwyse plante en 'n inligtingsessie oor volhoubare tuinmaakpraktyke wil hou.



Huis Irene is opgewonde oor haar deelname aan die Groenleef-toekenning vanjaar, om die uitdaging te aanvaar en alle geleentehede aan te gryp, met ander koshuise saam te werk en kennis oor volhoubaarheidskwessies te versprei. Ons hoofdoelwitte vanjaar is om die ingesteldheid van ons koshuis se studente te verander en aan gewoontes wat 'n impak op die omgewing het, te skaaf. Ons gaan regdeur die jaar verskillende temas vir ons verskillende seksies hê waar elke seksie 'n maand het om op 'n sekere aspek van hul manier van leef te verbeter (so byvoorbeeld gaan my seksie energie as tema hê, en ons gaan saam leer hoe ons ons energiegebruik kan verminder en mekaar verantwoordbaar hou totdat goeie energiegewoontes in ons leefstyl verweef geraak het). Tema-opsies sluit in water, energie, afval, en gebruik van diereprodukte. Volhoubaar leef gaan nie oor die



Metanoia: Die projekte/aktiwiteite wat ons vanjaar gaan aanpak, is die emmerstelsel, toiletborde wat wys hoeveel keer dit gebruik kan word voor ons spoel, vetplante in ons koshuise, deurlopende herwinning en die weggooi van sigaretstompies.



Huis ten Bosch is 'n dameskoshuis wat vir die omgewing omgee. Projekte en aktiwiteite in die koshuis maak deel uit van ons volhoubaarheidsplan. Dit sluit in 'n jaarlikse groenweek waar daar elke dag 'n aktiwiteit is om volhoubaarheid te bevorder en studente oor hul impak op die omgewing op te voed. Die hele huis ontvang e-posse met ons groennuusbrief wat wenke en

inligting oor huidige volhoubaarheidskwessies bevat. As 'n koshuis moedig ons elke meisie aan om te herwin en van die universiteit se driedromstelsel gebruik te maak. Met die huidige waterkrisis in gedagte, gebruik ons dromme in die storte om gryswater op te vang om die toilette mee te spoel. Daar is waterplakkate in die badkamers, die storte het waterbesparingstorkoppe (belugte storkoppe) en ons moedig studente aan om minder water te gebruik.



Minerva se groenspan is verbind tot vier groot volhoubaarheidskwessies, naamlik water, herwinning, energie en kosafval. Ons sit elke kwartaal al ons energie in een tema, met ons fokus wat die eerste kwartaal op waterbesparing was. Ons maak plakkate met 'n "waterbesparingswenk van die week" vir die HK en komitee om op sosiale media te plaas. (Hierdie wenke sluit in oopdraai-toedraai-stort, om saam met iemand klere te was, hoe dikwels mens moet spoel en om sponsbaddens te neem). Ons moedig dan die koshuis aan om op daardie een weeklikse wenk te fokus om gewoon te raak om water op verskillende maniere te bespaar. 'n Kitskursus-video oor waterbesparing is gemaak oor hoe om water in Minerva te bespaar. Ons hou inwoners ook gereeld op hoogte van nuwe idees en doen aanbiedings. Ons maak van die emmerstelsel gebruik en het die toiletdeksels verwyder. Gedurende die tweede kwartaal gaan ons op herwinning fokus, hoewel ons nog 'n paar projekte vir die watertema moet voltooi (soos 'n gryswaterstelsel vir ons wasmasjiene). Ons het in die tussentyd met 'n plastiekbottelveldtog begin vir van die projekte wat ons beplan. Ons gaan ook 'n wenk-van-die-week met al die ander temas doen.



Meerhoff-koshuis op die Tygerberg-kampus werk deurlopend daaraan om so groen en volhoubaar as moontlik te wees. Die driedromstelsel is nou al 'n paar jaar lank in plek en ons probeer voortdurend daarop verbeter deur ons inwoners daaraan te herinner om te let op watter afval waar weggegooi moet word. Dit gaan ook daarvoor om die inwoners te motiveer om dit getrou te doen en nie net die stelsel te laat vaar nie. Onlangs het ons 'n emmer in elke stort (162) in ons koshuis gesit en 'n waterbesparingstelsel geïnstalleer. Ons probeer ook om ons inwoners daaraan te herinner dat water 'n kosbare hulpbron is en dat dit spaarsamig gebruik moet word. Ons koshuis het ook 'n wurmplaas. Ons het vir hierdie outjies 'n skuiling gebou sodat hulle onder

optimale toestande kan leef. Ons het rakke waarop ons die houers sit en 'n houtmuur gebou om hulle van skadu te voorsien. Ons groenkomitee beplan ook 'n geleentheid vir Maart aangesien dit hierdie maand Wêreldwouddag en Wêreldwaterdag is. Sedert die begin van my termyn was dit my mikpunt om ons inwoners te motiveer om ernstig oor volhoubaarheid te raak en nie traakmynie-agtig daarvoor te wees nie.



Lydia-koshuis is baie passievol daarvoor om 'n meer volhoubare koshuis op die US-kampus te raak. Ons portefeulje is relatief nuut, maar ons het reeds ver gevorder om 'n meer omgewingsbewuste entiteit op kampus te raak. Benewens ons groot pogings om bewustheid oor die Wes-Kaap se huidige waterkrisis te kweek, doen ons ook baie om waterbesparingspraktyke aan te moedig. So het ons byvoorbeeld 'n emmerstelsel in ons storte ingestel sodat die water vir spoel opgevang kan word. Verder gee ons ook gehoor aan die belangrikheid van herwinning by Lydia. Ons wend 'n besliste poging aan om bewustheid oor herwinning te kweek. Een van ons projekte is 'n herwinningsprys wat aan dié seksie toegeken word wat die meeste toiletrolletjies herwin. Ons beplan ook om ons eerste Aardeur-funksie vroeg volgende kwartaal te hou om bewustheid oor elektrisiteitsverbruik en die volhoubare gebruik van ons hulpbronne te kweek.



Goldfields-koshuis beplan om vanjaar groot dinge te doen met die fokus op die opvang en gebruik van water. Ons fokus daarop om nuwe maniere te vind om reënwater in groter hoeveelhede op te vang. Ons beplan terselfdertyd om 'n hidroponiese groente-enkruietuin te begin wat dan sy watervoorsiening vanaf die stelsel vir reënwater en gryswater sal kry. Ons gaan op 'n vertikale tuin fokus om sodoende ook spasiegebruik te verminder. Tans het ons emmers in al die storte wat water opvang voor dit warm raak en ook terwyl ons stort. Die water word dan in die toiletbakke teruggegooi of vir dié wat nie toiletbakke het nie, direk in die toilet. Ons gaan ook ons rommelsorteerstelsel probeer verbeter om die hoeveelheid herwinbare materiaal te vermeerder. Goldfields-koshuis het 'n menigte projekte in die vooruitsig, so hou ons dop!



Ons as **Dagbreek-koshuis** bring ons kant wat waterbesparing betref deur die volgende metodes toe te pas: Elke HK-lid is daarvoor verantwoordelik om sy seksie se watergebruik na te gaan en seker te maak elke student is bewus van die watertekort. Badkamers: Toilette word net gespoel as dit nodig is. Storte word net vir 'n kort rukkie oopgedraai om nat te raak, dan toegedraai om seep aan te smeer en dan weer oopgedraai om af te spoel. Dit neem ongeveer 1 minuut om te stort. Ons gebruik ook waterbesparingskrane en -stortkoppe. Ons is besig met die installering van 'n gryswaterstelsel waar al die stort- en wasbakwater opgevang en weer gebruik sal word om die toilette mee te spoel. Die skoonmakers gebruik die afvalwater van die wasmasjiene om die vloere mee te mop en so word minder water gemors. Dagbreek-koshuis is ten volle bewus van hierdie enorme waterprobleem en probeer ons bes om ons deel te doen om water te bespaar.



Die **Venustia PSO** is baie passievol daarvoor om na die omgewing om te sien. Ons is altyd op die uitkyk vir die beste manier om omgewingsvolhoubaarheid hier te bevorder. Vanjaar beplan ons om ons kennis nie net hier te deel nie maar ook in die hele gemeenskap. Aan die begin van vanjaar het ons saam met die fasiliteitsbestuurder se kantoor 'n groensessie vir ons nuwe aankomelinge aangebied waartydens hulle opgevoed is oor omgewingsvolhoubaarheid en deelgeneem het deur 'n boom te plant as 'n belofte om hul deel te doen om die omgewing te beskerm. Ons het ook 'n driedromstelsel in ons huis en by ons broer-PSO-huis ingestel om 'n voorbeeld te stel vir ons huislede dat die toekoms in herwinning lê. Ons het nog 'n hele paar programme wat volg, so maak julle reg vir wat kom!



By **Helderberg** streef ons daarna om volhoubaarheid 'n bewuste leefwyse te maak, iets wat jy in gedagte moet hou met elke ding wat jy doen en gebruik. Aan die begin van die jaar het ons het 'n bewustheidspraatjie saam met EcoMaties aangebied en waterbesparingsplakkate in al ons kombuise opgesit. Die waterkrisis is natuurlik heel bo aan die lys. Sedert verlede jaar vang inwoners water in emmers in die storte op wat dan gebruik word om toilette mee te spoel en die (sukkelende) grasperk nat te maak.

Universiteit Stellenbosch se Volhoubaarheidsafdeling het ingestem om ons te help om 'n gryswaterstelsel by die koshuis te installeer, wat ons sal help om ons grasperk reg te kry en hopelik water op toiletspoel elke dag te bespaar. Ons het ook tydklokkies in die storte sodat inwoners daarop bedag kan wees om nie langer as 90 sekondes te stort nie. Helderberg is tans besig om 'n struktuur vir herwinning te reël, en hoewel die logistiek van die program moeilik blyk te wees, gaan dit ons nie afskrik nie! Ons mikpunt is om alle glas en papier behoorlik te laat herwin teen die begin van die tweede semester. Verder hergebruik ons die plastiekkoppies van ons kroeg (Jack Wells) en bedien geen plastiekstrooitjies die aande wanneer dit oop is nie.



By **Nemesia** moedig ons al die inwoners aan om deel te wees van waterbesparing. Ons moedig almal sterk aan om korter as 90 sekondes te stort en veral vlootstylstorte te neem (oopdraai-toedraai-stort). Met hierdie manier van stort kan jy tot 2 300 liter water per persoon per maand bespaar. Ons spoel ons toilette net as dit nodig is ("if it's yellow let it mellow..."). Die skoonmaakpersoneel was die vloere in die koshuis met gryswater afkomstig van die wasmasjiene. Verder moedig ons algemene waterbesparing aan met alledaagse aktiwiteite soos om 'n beker te gebruik wanneer jy tande borsel en te wag vir 'n vol bondel voor jy wasgoed was. Ons moedig alle inwoners aan om van die herwinningsdromme in Nemesia gebruik te maak en items soveel as moontlik te hergebruik.



Helshoogte is tans besig met die opgradering van sy binnekant asook sy dreinerings- en waterstelsels. Wanneer dit voltooi is, sal dit in wese beteken dat ons dié koshuis op kampus sal wees wat die meeste gryswater herwin. Gryswatertenke gaan aangebring word wat ook gebruik sal word om ons tuine mee nat te maak. Daar is tans 'n projek in die pyplyn vir die aanplant van watervriendelike plante op die dek van die vierde vloer, wat ook natgemaak sal word deur middel van 'n gryswaterstelsel op die dek. Wanneer ons gebouprojek voltooi is, sal Helshoogte die volhoubaarleef-baanbreker op kampus wees!



As HK vir volhoubaarheid vir **Vesta PSO** is my grootste verantwoordelikheid die volhoubaarheid van ons HK-huis. Ek stuur bulletins en plakkate aan die res van ons gemeenskap om hulle aan die erns van die waterkrisis te herinner. In ons eie huis gebruik ons herwinningsdromme. Al ons dromme en krane beskik

oor waterbesparingstoestelle om die watervloei te verminder. Ons stort met emmers en gebruik dit dan om ons spoelbakke vol te maak. Ons volg almal 'n streng 90 sekonde-stort en gebruik handreiniger wanneer ons hande was. Wat klere was betref, wag ons sodat ons al ons klere tegelykertyd na 'n week en 'n half was.





Rolle & verantwoordelikhede



Wie om te kontak



STUDENTERAAD
STUDENTS'
REPRESENTATIVE
COUNCIL

Omri Jacobsz is die SR-verteenwoordiger vir volhoubaarheid. Hy sal help met die organisering en verspreiding van inligting aan organisasies asook hoe om te werk te gaan om 'n projek te ontwikkel. Kontak: omri@sun.ac.za.



Stellenbosch Fasiliteitsbestuur sal die datahouers wees en is verantwoordelik vir die verspreiding van toepaslike inligting oor water, elektrisiteit en afval aan die HK's vir Groen en Volhoubaarheid. Waar moontlik sal Fasiliteitsbestuur ook help met middele wat studente kan nodig hê. Kontak Dannica Pedro: dpedro@sun.ac.za.



EcoMaties kan met geleenthede help en is ook 'n waardevolle bron van advies oor projekte. Kontak Jonathan Saindon om hulp in hierdie verband: 21161275@sun.ac.za.

